

13 Oktober

**Skrifgedeelte: Ester 5-7**

**Fokusgedeelte: Ester 6**

### **Die Here red sy kinders in hulle slaap**

By die lees van hierdie drie hoofstukke kan 'n mens onder die indruk kom dat die goeie afloop van die verhaal toe te skryf is aan Mordegai en Ester se slim planne. Maar was dit werklik hulle optrede wat die deurslag vir die volk se redding gegee het? Lees weer hoofstuk 6 noukeurig deur. Dink jy dit was "toevallig" dat die koning daardie nag nie kon slaap nie? Dink jy dit was blote toevalligheid dat die bibliotekaris die geskiedenis van Mordegai se heldedaad aan die koning voorgelees het? Is dit bloot toeval dat Haman juis op daardie oomblik by die koning inloop toe hy planne bedink om Mordegai te vereer?

Nee, dit is die Here wat aan die werk is terwyl sy kinders slaap. Hy beskik omstandighede waarmee Hy sy volk red sonder dat hulle 'n vinger verroer.

Dink na oor jou lewe van die afgelope week of twee. Daardie onverwagse oproep wat jou lewe so totaal verander het... Of die raakloop van 'n ou vriend wat vir jou goeie nuus gebring het... Of die skielike finansiële uitkoms uit 'n onverwagte oord. Dink jy nog dit gebeur sommer net toevallig? Nee, die Here is betrokke by die gewone dinge van jou lewe wat Hy tot jou beswil beskik. Ja, selfs ook die skielike terugslag of onverwagse beproewing gebruik Hy om jou dalk weer tot stilstand te bring en na Hom te laat vra.

Raak weer bewus van God se teenwoordigheid in die alledaagse dinge wat met jou gebeur. Sien sy hand raak, erken dat Hy voorsien en dank Hom vir sy sorgsame liefde.

*Sing: Psalm 23:1,2*

*Ds P Venter (Rustenburg-Wes)*